# MEd (PSIG) 2024 OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDE

DEPARTMENT OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDE
FAKULTEIT OPVOEDKUNDE



# INLIGTING:

## Sien Jaarboek 2023 Deel 1 & Deel 6, of open onderstaande ingebedde skakel:

*Jaarboek Deel 1 2023*

*Opvoedkunde 2023*

1. **Die doel van die program: Sien Jaarboek 2023 Deel 6, bladsy 45–46.**
Die doel van die program in Opvoedkundige Sielkunde is die ontwikkeling van navorsingskapasiteit, teoreties-gegronde kennis, vaardighede en gesindhede wat 'n student sal toerus om as opvoedkundige sielkundige in die Suid-Afrikaanse konteks te praktiseer. Studente wat die program, die daaropvolgende voorgeskrewe internskap van 12 maande asook die Beroepsraadeksamen suksesvol voltooi, sal as opvoedkundige sielkundiges by die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika (RGBSA) (Health Professions Council of South Africa – HPCSA) kan registreer.

2. **Toelatingsvereistes: Sien Jaarboek 2023 Deel 6, bladsy 45–46.**
   - BEdHons in Opvoedkundige Sielkunde (dus BPsig-ekwivalent) of BEdPsig of 'n goedgekeurde graad in Sielkunde.
   - Sielkunde tot op derdejaarsvlak is 'n vereiste.
   - 'n Goedgekeurde onderwyskwalifikasie verwerf by 'n goedgekeurde opvoedkundige instelling van 'n erkende nasionale hoëronderwysinstelling en geakkrediteer volgens die voorwaardes van 'n Suid-Afrikaanse kwalifikasie op NKR-vlak 7 (byvoorbeeld NOS of BEd).
   - 'n Minimum van twee jaar onderwyservaring (hierdie ervaring moet ná die voltooiing van die onderwyskwalifikasie by 'n formele opvoedkundige instelling opgedoen word). Ervaring moet in die vorm van 'n voltydse aanstelling as onderwyser wees. Deeltydse werkservaring soos byvoorbeeld proef-onderwys tydens onderwysopleiding, sal nie as onderwyservaring erken word nie.
   - 'n Minimum van 65% vir Opvoedkundige Sielkunde of Sielkunde-georiënteerde vakke op honneursvlak (NKR-vlak 8).
   - Indien enige ander kwalifikasies wat as 'gelykwaardig' aan bogenoemde kwalifikasies beskou word, ingedien word, sal die aansoeker verantwoordelik wees om bewyse van gelykwaardigheid in te dien.

3. **Sluitingsdatum vir aansoeke:**
**Sien Jaarboek 2023 Deel 6, bladsy 45–46.**

   **30 JUNIE VAN DIE VOORAFGAANDE JAAR VAN VOORNEMENDE STUDIE**

4. **Keuring:**
**Die keuringsproses vind in twee fases plaas.**

**Fase 1:** Tydens dié fase sal aansoeke nagegaan word om te verseker dat dit aan die basiese toelatingsvereistes voldoen. Indiening van 'n aanlyn aansoek verseker nie dat u outomaties na die keuringsproses uitgenooi sal word nie.

**Fase 2:** Die keuringsproses vir 2024–2025 vind plaas by die Fakulteit Opvoedkunde, Ryneveldstraat, Stellenbosch. Kandidate wat kwalifiseer en Fase 2 van die keuring moet bywoon, sal ná Julie per e-pos ingelig word.

- Datums vir Fase 2:
  Maandag, 11 September – Donderdag, 14 September 2023.
- Dokumente soos CV's, verwysingsverslae en meer inligting sal versoek word.

5. **Duur en program-aanbieding: Drie jaar deeltyds:**

**Eerste jaar:** Akademiese modules en goedkeuring van die navorsingsvoorstel.
**Tweede jaar:** Praktikum-modules, goedkeuring van die internskapprogram (inhandiging einde Julie) en voltooiing van tesis.
**Derde jaar:** 'n goedgekeurde internskap van 12 maande.
**Registrasie:** Studente wat hierdie program suksesvol voltooi, insluitend die voorgeskrewe 12 maande internskap, en wat die Raadseksamen suksesvol geslaag het, sal in aanmerking kom om as opvoedkundige sielkundiges by HPCSA te registreer.

6. **Programstruktuur: Sien Jaarboek 2023 Deel 6, bladsy 45-46.**

7. **Aansoekproses:**

7.1 Aansoek aanlyn:
*http://www.sun.ac.za/afrikaans/pgstudies/Pages/How-to-apply.aspx*
Indien u enige probleme met die aanlyn proses ondervind, kontak Kliëntediens by info@sun.ac.za | 021 808 9111.

7.2 Geen sig (harde) kopie-aansoeke word aanvaar nie.

8. **Programkoste: Sien Jaarboek 2023 Deel 3, bladsy 14:**
*http://www.sun.ac.za/english/Documents/Yearbooks/Current/Studentegelde.pdf*

9. **Verdere navrae oor akademiese kwalifikasies:**
Me C Jordaan (cdj@sun.ac.za)

**Departementele navrae:**
Dr K Conradie, Programkoördineerder (karlienl@sun.ac.za) of
Me C Thom, Departementele Beampte (carren@sun.ac.za)

Stellenbosch
UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

# MEd (PSIG) 2024
# OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDE

DEPARTMENT OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDE
FAKULTEIT OPVOEDKUNDE